## ALGEMENE INLIGTING

Heelwat onderwerpe kan onder die hoof ingesluit word, maar dit word beperk tot enkeles wat vir alle studente van belang is.

### AANPASSING VAN EERSTEJAARSTUDENTE

Alle moontlike hulp word aan eerstejaarstudente wat by die Potchefstroomse Universiteit inskryf, verleen om so gou moontlik in te skakel by die universiteitsgemeenskap wat vir baie vreemd en verwarrend voorkom. Die aanpassing word gedoen aan die hand van 'n oriënteringsprogram wat strek van ongeveer 'n week voor tot 'n week na die Universiteit amptelik open.

Uit ondersoeke is gevind dat eerstejaarstudente die sprong tussen skool en universiteit sō groot vind dat hulle met ernstige probleme gekonfronteer word. Voorbeelde is studie- of verhoudingsprobleme of wat om met vryheid te doen wat skielik in die skoot val na skool-, ouerhuis- of koshuisbeperkinge.

Talle nuwe eise word aan die nuweling gestel. Nuwe menseverhoudinge met medestudente en dosente word opgebou. Op akademiese vlak is die gaping tussen skoolbank en lesingkamer groot. Daarom word daar voorsorg getref dat die eerstejaar met hulp en raad bedien word wat studieprobleme en studentwees in die algemeen betref.

Die Universiteit poog om die studieaanpassing van die

nuwelinge so gou as moontlik te laat geskied. Daarom word daar spesiale voorligting aan die studente gegee soos voorligting oor die versorging van studente en studie-, administratiewe en biblioteekvoorligting.

Een van die groot probleme waarmee universiteite vandag te kampe het, is die gevaar dat die student in die massa sal verdwyn, en hy die hulp en onderskraging wat deur persoonlike kontak met dosente gebied word, daardeur verbeur. Hierteen probeer die P.U. vir C.H.O. ten alle koste waak en is die voogdosentstelsel in die lewe geroep. Hierdie stelsel het in die verlede goeie vrugte afgewerp en in die lig van toenemende studentetalle word dit al hoe belangriker. Dit bied aan die student die geleentheid om met probleme, van watter aard ook al, na sy spesifieke voogdosent te gaan vir raad en leiding.

Die Studenteraad bied ook 'n voorligtingsprogram aan die eerstejaars sodat hulle vertroud kan raak met die verenigingslewe aan die universiteit en die sosiale sy van studentwees.

Op sportgebied word nuwelinge getoets en waar nodig, voorligting gegee. Op die wyse is menige sluimerende talent al ontdek.

Daar is bykans geen faset van die nuwelinge se lewe aan die universiteit waaraan nie aandag geskenk word nie. Gou sal die eerstejaars besef dat die universiteit nie net 'n akademiese masjien is nie, maar 'n inrigting waar daar geleentheid is om gedurende sy vormingsjare tot 'n volwaardige en gebalan-

seerde mens te ontwikkel.

Daar word ook besef dat die ouers van die nuwe studente graag die versekering wil hê dat hulle kinders in goeie hande is. Daarom word ook aan hulle die geleentheid gebied om met die Universiteit en sy mense kennis te maak. Ouers word genooi om saam met hulle kinders die voogdosente te ontmoet, asook hoofde van departemente, ander dosente, die predikante van die drie Afrikaanse kerke en die huisvaders van die koshuise.

BEURSE BESKIKBAAR VIR STUDENTE

Besonderhede oor beurse word verstrek in die Universiteit se brosjure „Beurse beskikbaar vir studente". By die teks oor elke vak in hierdie publikasie word ook besonderhede oor beurse verstrek, dog dit is nie volledig nie.

Beurse is onderhewig aan veranderinge en die brosjure daaroor word jaarliks hersien. Voorligters word aangeraai om die jongste uitgawe van die Universiteit te bestel indien hulle dit nie het nie.

SIELKUNDIGE DIENSTE

Die Instituut vir Sielkundige en Opvoedkundige Dienste en Navorsing aan die P.U. vir C.H.O. lewer 'n verskeidenheid sielkundige dienste soos uit die volgende sal blyk:

Studente-voorligtingsdienste: algemene oriëntering en aanpassing;
kursus-, studie- en beroepsleiding;
persoonlikheidsprobleme.

Opvoedkundig-sielkundige dienste: lees-, leer- en spraakprobleme;
gedragsprobleme;
opvoedingsprobleme.

Klinies-sielkundige dienste: aanpassingsprobleme;
persoonlikheidsprobleme;
huweliksprobleme;
spraakprobleme.

Beroepsdienste: algemene beroepsleiding;
beroepskeuseprobleme;
beroepsaanpassingsprobleme.

In hierdie Instituut is daar, benewens die Sielkunde, ook verteenwoordigers uit die Opvoedkunde, Sosiologie, Maatskaplike Werk, Wysbegeerte en Spraakleer.

Die Instituut is goed toegerus om diens te lewer, ook aan die leerling om wie dit in hierdie publikasie gaan.

Voorligters is welkom om leerlinge en hulle ouers na die Direkteur van die Instituut te verwys vir raad en leiding, waar dit benodig word.

Die algemeenste probleem by hoërskoolleerlinge is seker dié oor aanleg. Sodanige toetse word by die Universiteit afgelê, gewoonlik op Saterdae, maar dit is noodsaaklik dat afsprake vooraf daarvoor gereël word.

Die koste verbonde aan hierdie toetse is hoofsaaklik beperk tot die koste van die toetsmateriaal.

Verdere inligting kan verkry word van:

Die Direkteur
Instituut vir Sielkundige en Opvoedkundige
Dienste en Navorsing
P.U. vir C.H.O.
POTCHEFSTROOM

Telefoon: 3361

# INTERFAKULTêRE WYSBEGEERTE

1. Enige student moet, voordat 'n eerste baccalaureusgraad of voorgraadse diploma behaal kan word, dië kursus met welslae voltooi.

Die kursus word eèn lesperiode per week vir drie jaar aangebied. Alle graadstudente voltooi kursusse I, II en III terwyl studente vir tweejarige diplomas alleen kursus I voltooi en studente vir driejarige diplomas alleen kursusse I en II.

Interfakultêre Wysbegeerte is 'n wetenskaplike begronding in die Christelik-Calvinistiese lewens- en wêreldbeskouing as die tradisionele inhoud van ons Afrikaanse Christelik-Nasionale gedagte.

2. Grepe uit die leerplan

2.1 Analise van die heersende lewensbeskouing wo. die liberalisme, kommunisme, eksistensialisme met kritiek en ontleding van die Christelike lewensbeskouing in sy basiese beginsels en toepassing op verskillende terreine.

2.2 Ontleding van die Christelike wetenskapsbeginsels en 'n Christelike fundering van die verskillende vakwetenskappe.

2.3 Verskillende probleme van algemeen wetenskaplike aard wo. studiemetodes en denkwette.

2.4 Verskillende temas wat op wetenskaplike vlak vanuit die Christelike beginsel belig word wo.

- wetenskap en tegniek van die 20e eeu;
- kultuurkrisis van die Weste;
- kuns;
- gesag, vryheid en verantwoordelikheid;
- kulturele leierskap.

3. Die betekenis van die kursus

Dit gee algemene wetenskaplike vorming, begronding en afronding waardeur die student 'n totaalvisie op die wetenskap verkry. Sodoende word die verengende gevolge van spesialisasie teengewerk.

Dit gee wetenskaplik begronde insig in ons lewensbeskouing waardeur die student toegerus word vir sy taak as leier en mens in die samelewing.

Dit is 'n noodsaaklike basis vir nagraadse studie wat kennis van die algemene wetenskaplike samehange vereis.

Alhoewel van belang vir alle studierigtings, is die kursus besonder waardevol vir studente wat later kulturele, opvoedkundige, politieke en maatskaplike loopbane wil volg omdat hulle daardeur gevorm is in leierskap vir die openbare lewe.